

Maandag 25 Augustus

Skrifgedeelte: Esegïel 37:1-14

Fokusgedeelte: Esegïel 37:3 (AFR83)

Die Here maak dooie, droë bene weer lewende mense!

Die profeet Esegïel word deur die Gees weggevoer in 'n visioen na 'n laagte vol dooie, droë bene. Hier konfronteer die Here die profeet met die vraag: "Mens, kan daar weer lewe in die bene kom?" Kan die proses waar die dood 'n liggaam afbreek tot dooie droë bene, omgekeer word?

Die profeet antwoord, soos ons ook sou, "Nee", dit kan nie. Tog gebeur die onmoontlike. Wanneer Esegïel in opdrag van die Here optree, bring die woord van die Here die bene in beweging. Die bene beweeg na mekaar toe en word met vleis en vel oorgetrek. Die Gees kom in hulle en droë bene word lewende mense.

Die Here gee Self die verklaring en toepassing van die visioen. Die dooie, droë bene is beeld van Israel. So sien hulle hulself in ballingskap. Hulle het geen hoop nie – dit is die einde! Nee, sê die Here, daar is hoop. Ek gaan julle uit die dood terugbring om te lewe!

Die belofte het waar geword vir Israel. 'n Oorblyfsel het uit ballingskap teruggekeer na Jerusalem. Vir gelowiges het die belofte waar geword in en deur Jesus Christus ons Here. Hy laat die dood wyk. Jesus wek Lasarus, na vier dae in die graf (Joh. 11), op uit die dood. Hy staan, op die derde dag na sy sterwe aan die kruis, op uit die dood. So oorwin Hy die dood (1 Kor. 15) om lewe, ewige lewe te gee (Joh. 10). Daarom is Hy ons hoop en gee Hy hoop (1 Pet. 1).

God het ook vir ons, wat dood was in ons sonde, in sy groot liefde saam met Christus lewend gemaak (Ef. 2). Deur sy Gees en sy Woord het Hy ons tot geloof gebring, geloof wat hoop gee (Heb. 11). Die stukkend van hierdie lewe kan ons in omstandighede bring waar dit lyk asof dit klaar is met ons, asof ons droë bene is. Hoor dan hoe die Here, deur sy Woord en Gees vir ons sê: *Niks is vir my onmoontlik nie. Niks kan julle van My en my liefde skei nie* (Rom. 8). *Ek is die God wat in elke omstandigheid uitkoms gee* (2 Kor. 1). *Ek maak dooie, droë bene weer lewende mense.*

Sing: Psalm 84-1:3, 4

Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)